# Die 7 Gemeentes

*Openbaring = die laaste Boek in die Bybel en soms die minste gelese en mees gevreesde Boek. Baie mense vermy eerder die Boek, omdat alles nie altyd so duidelik is vir ons in ons kultuur en tyd nie. Ons moet onthou as ons Openbaring lees dat dit wat Johannes gesien het, het hy gesien met die kennis wat hy op daardie tydstip gehad het.*




**Dink bv daaraan as jy nog nooit in jou lewe eens 'n fiets gesien het nie, en op 'n dag aanskou jy skielik 'n vegvliegtuig! Daarom is dit ook vir ons nodig om in ander dele van die Skrif te lees en Skrif met Skrif te vergelyk. Ons kan uit 1 Thess 5 en Daniël, ook baie leer van die Wederkoms van Christus.**

**Ons gaan nou egter eers bietjie stilstaan by die Gemeentes in Openbaring. Ons moet egter onthou dat Johannes slegs die skrywer is, maar dat Jesus self vir Johannes gesê het wat om te skryf. Hierdie briewe is fisies briewe van Jesus Christus aan die fisiese gemeente in Asië. Hulle elkeen was besonders en het besondere karaktertrekke gehad. Terwyl ons besig is hiermee, kan ons as kinders van God onsself meet en kyk hoe ek voor die Here lyk.**

# Efese Gemeente

**Openbaring 2:1-7**

**= Die Kerk wat sy eerste**

**liefde verlaat het.**



**Kom ons gaan op reis na dié Gemeente.**

**Efese was 'n jong gemeente. Alhoewel Efese self 'n wêreldklas stad was, was die gemeente nog aan die groei. Efese self was so 3 myl van die see af maar die wye mond van die Cayster rivier, het Efese die groot poort gemaak wat na Asië gegaan het.**

**Die stad het baie afgode aanbid. Daar was omtrent 14 afgode in die stad. Een van hul hoofgode was die godin Artemis (Diana). Die godin van lewe, wie se tempel bekend gestaan het as een van die 7 wonders van die Antieke wêreld.**

**Die Keiser Domision was ook onder die wat aanbid moes word. Hy het 'n beeld van homself gemaak - om en by 50 voet hoog. (Laat dit jou nie dink aan Daniël se 3 vriende nie)**

**Hy was baie wreed teenoor Christene en het aanbidding vereis, anders kon hulle, hul lewe verloor het.**

**Lees Efesiers 6:10-20.**

**Hierdie brief van Paulus aan die gemeente was bedoel vir hierdie stryd waarin hulle was en hulle het presies geweet wat hy bedoel het. Hulle stryd was nie teen vlees en bloed nie. Paulus het hier gearbei vir drie jaar, asook die jong Timotieus, Tichikus en Johannes(wat later deur Domision na Die eiland Patmos verban is).**

**Vir 40 jaar was hulle getrou. Soos een prediker sê: *"They had to be like Christ in a Christ denying World."* Ongelukkig het hulle passie en ywer vir die Here verander in 'n koue en meganiese orthodoksie.**

**Maak hieronder 'n lys van die goeie en dan die slegte verslag wat die Here aan hulle gee.**

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

**Maar die Here het een ding teen hulle gehad =**

______________________________________________________________________________

> **Toepas in my lewe:**
>
> **Is Jesus vir my net 'n plig op 'n projek, of dien ek Hom omdat ek Hom liefhet?**

**Hulle was werklik 'n effektiewe en hardwerkende kerk. Dit het altans van buite af so gelyk.**

**Hierdie een ding wat die Here teen hulle gehad het, het egter ALLES laat plat val.**

**Hulle het hulle eerste liefde verlaat.**

**Maak nie saak wat ons in hierdie lewe sê, ons doen vir die Here nie. Van die kleintste tot die grootste taak. As ons dit nie doen omdat ons Hom liefhet nie, is dit nutteloos. Ons arbei vir die Here moet gebore word uit 'n hart wat die Here bo alles liefhet.**

**Efesiërs 5: 2 sê vir ons ________________________in die liefde**

**Hebreers 6:10 leer ons weer dat God nie ons werk vergeet nie en die _____________________________________________wat ons betoon het vir Sy Naam nie.**

**Galasiërs 5:6 leer ons dat nog die besnydenis nog die onbesnede enige krag het nie, maar die geloof wat**

**_____________________________________________________________________________**

**In Filemon lees ons dat hy gehoor het van sy ____________________________en _______________________________.**

**1 Thessalonicense 1:3 lees ons - en onophoudelik in gedagte hou die werk van julle _________________________en die _________________________________________ en die lydsaamheid van julle hoop op onse Here Jesus Christus.**

**DIE BEKENDSTE GEDEELTE Sê:**

**Mattheus 22:37,38 " En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God ________________________met jou hele ______________________ en met jou hele ___________________________en met jou hele ___________________________. Dit is die eerste en groot gebod."**

*Daar is nog so baie teksgedeeltes oor hierdie aspek. Die groot ding wat ons moet onthou is dat ons arbeid vir die Here deurdrenk sal wees in my liefde vir Hom.*

**Jesus vermaan Efese gemeente, en ook ons vandag dat ons, ons moet bekeer, as ons arbeid vir Hom nie in liefde is nie. Ons moet die eerste werke doen, soos toe Hy ons gered het. En dat ons moet HOOR.**



**Aan ons wat hoor sal hy die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is gee.  As ons nie luister nie, sal Hy self die kandelaar vewyder.**